
## PROSPEKTUS 2025

# E D E N
# LEERSENTRUM
## MAGALIESBURG

www.edenleersentrum.co.za



Romeine 12:2 "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed..."

**Eden Leersentrum Magaliesburg** is ‘n **veilige en rustige omgewing** waar jou kind die **geleentheid kry om sy/haar volle potensiaal te bereik.**

**Liefdevolle fasiliteerders** help jou kind om ‘n **selfstandige en onafhanklike leerder** te word.

Ons beleid by Eden is dat ons baba/peuterklas nie meer as 5 babas vir 1 Fasiliteerder, Kleuters meer as 12 per Fasiliteerder, en Gr R-7 leerders per Fasiliteerder sal oorskry nie.

Die **kleiner groepe** verseker dat jou kind **kwaliteit en individuele onderrig** ontvang.

Eden Leersentrum Magaliesburg is **Christen georiënteerd** en bied die geleentheid vir elke kind om vrylik geestelik te groei.

Die Fasiliteerders kan ‘n **probleem of agterstand identifiseer** by ‘n leerder en dus tesame met jou as ouer dadelik daaraan begin werk.

**Lewensvaardighede en sosiale interaksie** vind plaas gedurende etenstyd om die tafel asook probleemoplossing op die speelgrond, aangesien daar **deurentyd toesig** is.

Deel van die Leersentrum se **visie** is om **bekostigbare onderrig** te bied deur **hoë gehalte opvoeding** en **persoonlike aandag** vir jou kind te verseker.

# *ALGEMENE VRAE:*

- **Wanneer het Eden Leersentrum Magaliesburg onstaan en tot watter Graad bied die Leersentrum?**
  *Die Leersentrum het in Januarie 2015 geopen. Dit het begin met 'n handjie vol kinders – vanaf 2 jarige kleuters tot by Graad 1.*

  *In 2025 sal die Leersentrum opvoeding aanbied tot by Graad 7.*

- **Watter Kurrikulum word gebruik by Eden Leersentrum Magaliesburg?**
  *Impaq se CAPS+ Kurrikulum word gevolg, wat in lyn is met Publieke skole se Kurrikulum.*

- **Indien ons verhuis, sal my kind by enige ander skool kan inskakel?**
  *Ja, ons gebruik juis Impaq omdat dit die CAPS kurrikulum volg wat publieke skole vereis.*

- **Bied jul Leersentrum sport aan?**
  *Nee, daar is nie amptelike sport nie, maar daar is wel opsionele addisionele aktiwiteite beskikbaar (nie verpligtend) soos die "fun & fit" program aangebied deur Rugby Stars – sien asb. koste struktuur soos uiteengesit in die prospektus vir addisionele kostes betaalbaar aan Rugby Stars.4*

  *Eden Leersentrum se leerders woon wel buitemuurse aktiwiteite by, bv. Perdry, Ballet, Swem, Landloop ens. Daar is ook 'n Tuisskole Klub wat Rugby, Krieket, Atletiek en ander sportsoorte aanbied.*

- **Bied jul Leersentrum kulturele aktiwiteite?**
  *Nee, daar is nie amptelike kulturele aktiwiteite nie. Eden se leerders woon wel buitemuurse aktiwiteite by bv. Musiek- en kunslesse. Daar is wel jaarlik met Eden Toekeningsaand/oggende waar kinders deur optrede "konseert" hul talente kan wys aan ouers en geliefdes.*

- **Van watter ouderdom neem die Leersentrum babas in?**
  *Kontak Michélle Nortjé direk vir verdere inligting rondom die ouderdomme.*

# ALGEMENE VRAE: (Vervolg)

- **Hoekom kies ouers Eden Leersentrum Magaliesburg en wat anders kan die Leersentrum my kind bied?**

  *By Eden word ons Christenskap vrylik uitgeleef en toegepas. Die Leersentrum is gefokus op die Leerders se gawes en individualiteit. Ons fokus is ook gerig om 'n kind se kreatiwiteit en entrepreneursvermoë te ontwikkel.*

  *Daar is geen klokke wat gelui word by Eden nie en elke klas se dag begin met 'n Bybelles en gebed wat toepaslik is vir die ouderdomsgroep. Kinders leer van 'n baie vroeë ouderdom om onafhanklik en selfstandig te werk. Eden se verhouding van leerder tot fasiliteerders is 5:1 vir babas/peuters, 12:1 vir kleuters en 8:1 vir Gr R-7.*

  *Ons het kwartaalliks uitstappies of instappies by die sentrum wat ons saam met die kinders doen – somtyds is dit opvoedkundig (Besoeke aan kwekery, Interessante diertjies instappie, ens.) en soms net vir die pret (Makhiti, Noble Village, Kersfabriek, ens.). Ons doen ook gemeenskapsdiens soos om die plaaslike aftree oord te bedien.*

  *Daar is tans twee maal per jaar Entrepreneursdae, waar elke kind die geleentheid kry om deel te neem. Gedurende September van elke jaar word 'n fotodag gehou om sodoende al die maats wat by Eden aangesluit het gedurende die jaar deel te maak van die mooi herinneringe.*

  *Leerders sit elke pouse aan by tafels tydens etenstyd en so bevorder ons goeie eetgewoontes asook tafelmaniere. Elke Vrydag het ons "kosdag" waar die kinders kos en koeldrank kan bestel (opsioneel) en almal geniet dieselfde ete vir die dag.*

- **Hoekom moet ek aktiwiteitfooi vir my voorskoolse kind betaal?**

  *Ons baba/peuter klassie tot Gr R gebruik deur die jaar materiaal om hulle sensoriese en klein motoriese ontwikkeling te stimuleer. Dit sluit die volgende in bv. klei, papierborde, bak en brou, afrol van werkstukkies, verskeidenheid kunsmateriale, verf, leêrs ens.*

- **Kan ek my kind vir minder as 5 dae per week inskryf en verander dit die kostes betaalbaar indien ek my kind vir minder as 5 dae inskryf?**

  *Die koste struktuur bly dieselfde as wanneer 'n leerder vir 5 dae die sentrum bywoon. U kan u kind vir minder as 5 dae stuur. Ons stel wel voor dat u kind ten minste 3 opeenvolgende dae die sentrum bywoon aangesien hulle beter aanpas en deel voel van hul maats.*

# *ALGEMENE VRAE: (Vervolg)*

- Hoe kommunikeer die Leersentrum met die ouers?

*Daar is 'n "Whatsapp" groepie waar die Leersentrum met die ouers belangrike inligting en verjaarsdae deurgee.*

*Elke fasiliteerder het ook haar klas se groep waar fotos en inligting deurgegee word.*

*'n Maandelikse kalender word aan die einde van elke nuwe maand uitgegee. Belangrike datums soos verjaarsdae, ouervergaderings, kosdae ens. word aangeteken.*

- Hoe laat moet ek my kind aflaai en kom afhaal?

*Die Leersentrum is oop Maandae tot Donderdae vanaf 07:00 tot 13:30 en Vrydae tot 12:30.*
*Peuters tot Gr. R begin stiptelik 8:00 terwyl Gr. 1-7 leerders stiptelik 7:30 met hul daaglikse werk begin.*

*Nasorg begin 13:30 tot 17:00, Maandae tot Donderdae en 12:30 tot 17:00 op Vrydae.*

- Het die Leersentrum vakansies gekoppel aan Publieke skole se kalenders?

*Die Leersentrum het vakansies en dit is meestal dieselfde datums as Publieke skole in die Binneland se vakansie tye, behalwe die September/Oktober vakansie wat 2 weke is in plaas van 1 week. Die sentrum is dus gesluit gedurende vakansies.*

- Het die Leersentrum 'n webblad?

*Ja, daar is 'n webblad asook 'n Facebook blad. Besoek ons gerus op www.edenleersentrum.co.za. Daar is ook 'n skakel na ons Facebook blad op die webblad waar u dit kan "like" en ons volg.*

- Word daar maandelikse rekeninge gestuur?

*Ja, daar word maandelikse fakture uitgereik op die eerste van die maand en rekeningstate soos op dieselfde dag word uitgestuur deur die ouditeure van die Leersentrum.*

- Teen wanneer is sentrum fooie betaalbaar?

*Sentrum fooie is vooruit betaalbaar voor of op die tweede van die maand en vanaf Januarie tot November. Registrasie gelde van die volgende jaar is gedurende Desember betaalbaar aan die sentrum.*

# *ALGEMENE VRAE: (Vervolg)*

- **Wanneer is kosgelde betaalbaar? Word daardie fakture deur die sentrum uitgereik en op my rekening aangedui?**

  *Kosgelde is betaalbaar elke Vrydag, alternatiewelik kan dit aan die einde van die betrokke maand betaal word. Die kosgelde se fakture word ook deur die ouditeure uitgereik en sal op die rekening aangedui word.*

  *Alle betalings, kontant of EFT word ook op u rekening aangedui en graag versoek ons dat u die verwysing met wat betaal word, duidelik sal aandui tesame met u kind se naam en van. Alternatiewelik kan u die rekeningnommer soos toegeken op die state ook as verwysing gebruik.*

- **Met wie kan ek kontak maak as ek navrae op my rekeningstaat het?**

  *U kan ouditeure van die sentrum kontak, EDP & Associates op (012) 207-1176 Maandae tot Vrydae gedurende kantoor ure. Die persoon wat tans die rekeninge hanteer is Pearla de Villiers.*

- **Het die Leersentrum formele uniforms?**

  *Daar is nie formele uniforms nie. Die Leersentrum het egter 'n groen en blou hempie asook blou hoedjie met die naam Eden op geborduur wat eenvormigheid verseker. Bestellings kan by Michélle Nortjé geplaas word.*

- *Kleuters - Graad R*
  - *Blou Eden hempie (hempie kan aangekoop word)*
  - *Enige donkerblou of denim broek tesame met plakkies of "tekkies"*

- *Graad 1 tot 7*
  - *Somersdrag:*

    *Groen Eden hempie (hempie sal addiosonele koste wees)*

    *Seuns - Navy kortbroek*

    *Dogters - Navy broekromp*

    *Opsioneel in somertye: Skoolskoene of donker "tekkies" tesame met "navy" / wit sokkies*

  - *Wintersdrag:*

    *Groen Eden hempie*

    *Navy sweetpak broek*

    *Skoolskoene of donker "tekkies" tesame met "navy" / wit sokkies*

    *Navy baadjie ("Dri-mac" of "Windbreaker")*

# *ALGEMENE VRAE: (Vervolg)*

- **Wat staan my te doen as Impaq my kind se boeke laat aflewer of ek skuif my kind van ‘n ander skool af Eden toe en ons moet wag vir die registrasie by Impaq om gefinaliseer te word?**

  *By Eden het ons altyd die kinders se belange op die hart. Die sentrum sal uit ‘n ander leerder se boeke die werk afrol tot en met die tydperk wat die Impaq boeke arriveer.*

  *Daar sal egter addisionele afrol kostes betaalbaar wees aan Eden, aangesien dit nie deur die skryfbehoefte fooie gedek word nie. Dit sal gefaktureer word op werklike verbruik en sal betaalbaar wees aan die einde van die maand waarin die kostes aangegaan was.*

- **Kan ek self ‘n ander leerder se boeke leen om afskrifte te maak indien ek dit nie by Eden wil doen nie?**

  *Eden verkies dat die boeke nie die sentrum verlaat nie, tensy dit u eie kind se boeke is wat gestuur word vir werk wat tuis gedoen moet word.*

  *Indien dit egter nie anders kan nie, kan u ‘n reëling met die sentrum tref waarna daar eers toestemming verkry sal word van ‘n ander leerder se ouer/s of voogde voordat die boeke geleen kan word vir afskrifte.*

  *Die boeke moet ook verder die volgende dag terug besorg word aan Eden sodat daar nie onderbrekings met onderrig is vir enige van die leerders nie.*

- **Moet ons Impaq se kurrikulum self betaal of is dit ingesluit in die sentrum fooie?**

  *Die kurrikulum word apart aangeskaf deur ouers en is direk betaalbaar aan Impaq en is nie ingesluit in die sentrum fooie nie.*

  *Geen registrasies of kommunikasie aan Impaq word via die Leersentrum gedoen nie. Elke ouer is verantwoordelik om hulself te vergewis met die inhoud, termes en voorwaardes van Impaq.*

- **Wat is die Impaq koste struktuur?**

  Impaq het verskeie betalingsmetodes. Gaan besoek gerus hul webblad op http://www.impaq.co.za/register-now/ vir verdere inligting in die verband.

# *ALGEMENE VRAE: (Vervolg)*

- Wanneer moet ek by Impaq registreer?

  *Impaq se registrasies vir die volgende jaar open gedurende September elke jaar. Gedurende September gee Impaq 15% afslag indien ouers die leerders registreer en fooie ten volle betaal voor die laaste werksdag van September.*

  *Uit ervaring weet ons dat Impaq druk besig is net voor die skole heropen en indien u registrasie nie betyds gedoen word nie, kan dit moontlik daartoe lei dat u kind nie betyds met die akademiese jaar kan begin nie.*

  *Ons versoek daarom dat ouers betyds by Impaq sal registreer (voor einde Desember) en die boeke bekom vir die volgende jaar sodat die leerders geen onderbrekings en vertragings sal ervaar met akademiese werk wanneer die sentrum vir die nuwe jaar open nie.*

  *Impaq bied dan verder ook registrasies vir ‘n huidige akademiese jaar gedurende die kalender jaar. Dit word so gedoen, sodat indien u gedurende die jaar sou besluit om u kind te skuif en in te skryf by ‘n leersentrum of vir tuisonderrig, daar nie onnodige onderbrekings in onderrig sal wees nie en u kind normaal sal kan voortgaan akademies.*

- Wanneer kan ek my kind by Eden registreer?

  *Registrasies vir die volgende akademiese jaar open jaarliks vanaf September.*

- Wanneer is die eenmalige fooie aan Eden betaalbaar?

  *Dit is betaalbaar gedurende Desember van die vorige jaar waarvoor die leerder ingeskryf word. Dus sal die 2025 eenmalige fooie betaalbaar wees gedurende Desember 2024 vir bestaande leerders.*

  *Indien ‘n nuwe leerder eers in die volgende jaar inskryf, kan ‘n reëling getref word om die eenmalige kostes af te betaal tot en met die einde van die eerste kwartaal.*

  *Betaling van die eenmalige jaarlikse kostes verseker dat u kind plek het by die Leersentrum vir die betrokke akademiese jaar.*

  *Eenmalige jaarlikse fooie word nie pro-rata bereken vir die maande wat u kind by Eden ingeskryf is nie, tensy u kind in die laaste kwartaal by Eden aansluit en inskryf.*

# ***ALGEMENE VRAE: (Vervolg)***

## ➤Hoe werk die koste struktuur van die Leersentrum?

***Die kostes word onder aangedui per ouderdom en sluit nie Impaq en addisionele aktiwiteite in nie.***

| EDEN LEERSENTRUM MAGALIESBURG<br>2025 Sentrum Fooie<br>Graad | Hoe gereeld betaalbaar? | | Bedrag |
|---|---|---|---|
| | Maandeliks | Jaarliks | |
| ***Baba's & Peuters*** | | | |
| Registrasie | | x | R 650.00 |
| Aktiwiteitsfooi / Skryfbehoeftes | | x | R 395.00 |
| Sentrum fooie | x | | R 1,650.00 |
| *Let asb. daarop dat baba's se behoeftes verskil van babas/peuters en meer aandag en tyd vereis. U is ook verantwoordelik vir u kind se eie kos, formule melk, doeke, "wipes" en ander benodigdhede.* | | | |
| ***Kleuters*** | | | |
| Registrasie | | x | R 650.00 |
| Aktiwiteitsfooi / Skryfbehoeftes | | x | R 490.00 |
| Sentrum fooie | x | | R 1,350.00 |
| ***Graad R*** | | | |
| Registrasie | | x | R 650.00 |
| Werksboekies | | x | R 450.00 |
| Aktiwiteitsfooi / Skryfbehoeftes | | x | R 490.00 |
| Sentrum fooie | x | | R 1,650.00 |
| ***Graad 1 - 7*** | | | |
| Registrasie | | x | R 950.00 |
| Skryfbehoeftes (Gr 1-3) | | x | R 680.00 |
| Skryfbehoeftes (Gr 4-7) | | x | R 800.00 |
| Sentrum fooie (Graad 1-6) | x | | R 1,800.00 |
| Sentrum fooie (Graad 7) | x | | R 1,900.00 |
| ***Nasorg (Babas tot Graad 7)*** | | | |
| Sentrum fooie (sluit ligte ete, vrug en koeldrank in) | x | | R 800.00 |
| Nasorg dagfooi (Baba's-2jr) | | | R 140.00 pd |
| Nasorg dagfooi (3-12jr) | | | R 70.00 pd |
| ***Addisioneel*** | | | |
| Baba's Hempie | | x | R 130.00 |
| Kleuterhempie | | x | R 160.00 |
| Gr 1-7 Hempie | | x | R 180.00 |
| Pette | | x | R 70.00 |
| Vrydag Kos *opsioneel | x | | R 35.00 |
| *Let asb. daarop dat sentrum fooie vooruitbetaalbaar is vir 11 maande vanaf Januarie tot November.*<br>*Eenmalige registrasie fooie betaalbaar aan die Leersentrum is gedurende Desember en Januarie.* | | | |

# *ALGEMENE VRAE: (Vervolg)*

- *Wat behels Fun & Fit en wat is die kostestruktuur?*

*Rugby Stars het 'n bal spel program wat aangebied word sodat beide seuns en dogters aan die aktiwiteite kan deelneem.*

*Kinders vanaf 3jr kan inskryf. Dit is nie verpligtend nie maar word wel sterk aan beveel aangesien dit kinders uitstekende balvaardighede leer en hul grootmotories ontwikkel.*

*Die kostes is maandeliks vooruitbetaalbaar vanaf Februarie tot November (vakansies ingesluit). Geen lesse word gedurende vakansies aangebied nie. Daar is 'n jaarlikse registrasie en dan maandelikse fooi betrokke.*
*Alle gelde is direk betaalbaar aan Rugby Stars en verdere inligting en kostes in die verband kan verkry word van* ***Tokkie by 083 989 8514****.*

# *ONS OUERS VERTEL*

*Waar begin ek, ek is ‘n Mamma van ‘n Eden kin en kan boeke skryf oor Eden Leersentrum. Ek is ‘n mamma met ‘n dankbare hart, ‘n kalm hart en ‘n hart vol vertroue. Eden se groot Christenskap en liefdevolle fasaliteerders gee my die gerustheid.*
*Wonderlike “one-on-one” aandag!*
*Hier by Eden is jou kind nie net nog ‘n kind nie, dit is soos Eden se eie kinders.*
*As mamma sal ek geen ander skoon aanbeveel as Eden nie…Die Leersentrum is ‘n seëning.*
*Die skool word soos familie. Daar waar Abba elke oomblik teenwoordig is.*
*Groete Eden Mamma.*

Om jou kind in Eden te sit is nie net ‘n lewensbesluit nie, dis 'n geloofs besluit. Ons is so dankbaar vir Eden skool en Juffrou Samantha wat ons kind soveel leer, vanaf tel, spel, speel en die heel belangrikste is sy Bybel lessies. Die Bybel sê ons moet soos kinders word en by Eden is dit hulle leefstyl. Elke kind is kosbaar en spesiaal!
Hulle kry soveel individuele aandag wat bydra tot sy menswees. My kind bid en sing Bybel liedjies en vertel ons baie van Jesus en geloof. Dankie Eden en Juffrou Samantha vir al die kosbare lesse wat jy (julle) vir ons kind leer. Eden is werklik ‘n fenominale skool vir ons kind!

*Eden is soos uitgebreide familie vir ons. By Eden sorg hulle nie net vir my dogter se onderrig maar ook vir haar fisiese, geestelike en emosionele welstand. Al die fasiliteerders is so toegewyd tot die versorging en welstand van elke kind. Eden is enig in sy soort, werklik ‘n baie spesiale plek.*

*Eden Leersentrum is van die hemel gestuur. Toe ons gewonder het wat ons met ons kinders gaan doen, het die Here Eden Leersentrum wonderbaarlik voorsien.*
*Nie net is dit die Christelike omgewing en positiewe gesins atmosfeer nie, die Impaq-kurrikulum is ook van 'n hoë akademiese standaard. Ons hou van die gemeenskap van ouers waarvan ons deel kan wees. En dit is 'n groot vreugde om te weet dat die kinders veilig onderrig word met geloof, lewensvaardighede en waardes wat ons eie weerspieël. Soos privaat onderwys gaan, het ons nog geen ander sentrum ontdek wat ooreenstem met die kwaliteit van diens wat ons kinders kry in ruil vir die beskeie skoolgeld wat by Eden Leersentrum vereis word nie. Ons beveel Eden Leersentrum sterk aan.*

# *ONTWIKKELING & HOOGTEPUNTE BY EDEN*

*Ons deel graag ons hoogtepunte by Eden. Met die Here se genade, guns en seën kan ons die volgende met dankbare harte getuig:*

- *Eden trek in 'n nuwe perseel in op Hekpoort.*
- *Eden ouers was meer as bereidwillig om te help met voorbereiding, skoonmaak en verf sodat Eden se deure vir die 2018 Akademiese jaar betyds op 17 Januarie 2018 kon open.*
- *Verf, kwaste, & skoonmaakmiddels word gebring deur elkeen wat kom help het om die gebou bruikbaar te maak vir die kinders.*
- *Mense wat nie eens kinders in Eden het nie, het gehelp om deure te hang (kosteloos) en om te help verf.*
- *Bonatuurlik word daar voorsien in die kostes vir die borde, omheining, mense word gestuur om die heining op te sit en 'n hek te bou spesifiek vir Eden se behoeftes en spesifikasies.*
- *Planne om die gebou optimaal te kan benut word opgetrek deur 'n gekwalifiseerde argitek en daar word voorsien vir die kostes en arbeid om veranderinge aan te bring binne en buite die gebou.*
- *'n Sandput word uitgegrawe en sand word geskenk vir die sandpunt.*
- *Dorings en duwweltjies word uitgehaal en nuwe sagte gras word geplant.*
- *Klimrame vir kleuters word geskenk of teen billike pryse aangeskaf.*
- *Eden se grootste gebed tot dusver was beantwoord deur 'n skenking in die vorm van 'n groot klimraam vir die groter kinders.*
- *'n Facebook blad asook 'n amptelike webblad word geskep en dien as bemarkingsmiddel vir Eden.*
- *Kinders asook fasiliteerders word toegevoeg tot die Eden familie boom.*
- *Kinders is geseënd en gelukkig by Eden en wil nie huis toe gaan wanneer hul afgehaal word in die middae nie (elke ouer se gebed en begeerte word beantwoord dat hul kinders gelukkig is).*
- *Die Here voorsien 'n Hekmotor vir die ingang.*
- *Bome word geskenk sodat Eden gedurende September 2018 'n boomplantdag kon hou.*
- *Die gebou word geverf gedurende die 2019 jaar en kry so 'n splinternuwe baadjie.*
- *Die installasie van die "G-web ultra" sisteem om die hek oop te skakel vind plaas gedurende 2019.*
- *2020 is daar twee nuwe klasse gebou om ons groeiende Leersentrum te akkommodeer.*
- *In 2021 het ons nog 3 fasiliteerders bygekry wat ons fasiliteerders totaql van 7 maak. Ons het ook ons 7 jaar bestaans jaar gevier en ons eerste Graad 7 leerder gehad. Dit is 777 Eden is nou in mondigwording 21!*
- *Ons het begin om die kleuters se speel area te skei met 'n beton muur en kleurvolle skadunet afdak. Daar is ook skuifdeure ingesit in klasse om direkte toegang te hê tot buite.*
- *Eden het 2022 die 1ste groot fondsinsameling projek geloots en was 'n groot sukses.*

# *Kontak besonderhede:*

***Eden Leersentrum Bestuurder***

Michélle Nortjé
072 378 7229
(tussen 14h00 en 17h00)

***Alternatiewe kontak persoon – Eden Leersentrum***

Lorèll Strydom
071 861 6192
(tussen 09h00 en 14h00)

***Impaq Onderwysdiens***
087 743 0700

***By Eden glo ons dat daar in God se Koninkryk ingesaai word deur die kinders wat Hy hier plaas. Indien u voel die Here lê dit op u hart om in Sy Koninkryk te saai by Eden en in 'n kind se lewe te belê, kan daar in die saaifonds gelde gedeponeer word. Alle saaifonds gelde word oordeelkundig gebruik om slegs aan Eden se behoeftes te voorsien.***

*Vir meer inligting oor die saai beginsel kan u vir Jaco Botha kontak op 082 796 5219.*

*Jeremia 17:7 – 8: Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie.*